**RAKETTE**

As u 'n raket nodig het: of herstelwerk aan u raket wil laat doen, raadpleeg eers

**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
PLEINSTRAAT,
STELLENBOSCH.

DIE
# Matie
STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

**VILJOEN**

se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.

DEEL II, No. 25. VRYDAG, 18 SEPTEMBER 1942. PRYS 1d.

# UNIALE LEIER GEE BESLISTE LEIDING

## Liberaal-Demokratiese Metode Ook op Bloemfontein Openbaar

## A.N.S. Staan Getrou by Beginsel van Organiese Eenheid

**Terwyl daar van die kant van liberalistiese dagblaaie 'n hewige veldtog gevoer word teen die A.N.S. se beginsel van organiese volkseenheid, het volksverdelende liberalistiese opvattings intussen nogmaals hul verskyning gemaak, en wel op Bloemfontein, waar die tak U.K.O.V.S. van die A.N.S. ontbind het.**

**In hierdie verband gee die A.N.S. se Uniale Leier, mnr. J. Postma, weer beslis leiding in onderstaande oproep aan alle A.N.S.-lede:—**

Geagte Mede-A.N.S.-lede!

Dit is waarlik met droefheid in die hart dat ek aan u verslag moet gee dat die A.N.S.-tak van U.K.O.V.S. ontbind het. Ondergetekende het alles in sy vermoë gedoen om die skeuring te voorkom, maar blykbaar wou sekere persone aan U.K.O.V.S. op die tien uit die honderd punte waarop ons nie presies saamstem nie, skeur, terwyl hulle die 90 punte van samewerking uit die oog verloor het. Laat ek kortliks die besware van genoemde persone uiteensit sodat u vir uself kan oordeel!

1. **Die A.N.S.-tak van Stellenbosch werk saam met die O.B.**

Hierdie saak is deeglik uitgepluis op die Kongres, en daar is deur die A.N.S. tak van Stellenbosch aan ons die versekering gegee dat die A.N.S. nog as aparte liggaam bly bestaan, maar dat hulle in sekere omstandighede saam met die O.B. optree, soos hulle weer in sekere omstandighede saam met die F.C.S.V. optree. Hierdie gesamentlike optrede is veral gemik teen die Afrikanerliberalisme, soos dit o.a. in openbaring kom in die konsiliasie-politiek teenoor die Engelse Universiteite wat nie die kleurskeidslyn wil handhaaf nie. **Dit is voorwaar 'n verblydende teken dat die A.N.S. van Stellenbosch in hierdie rigting beweeg. Al die jare het die A.N.S. gesukkel met die Afrikanerliberalisme wat op Stellenbosch tot openbaring kom, maar nou eers het die A.N.S. daar regtig grond gevat en beweeg dit in die regte rigting. Sal ons nou die werk van die A.N.S. wat in tien jaar gedoen is somar so gaan afbreek omdat die A.N.S. in sekere omstandighede saam met die O.B. werk, die O.B. wat ook 'n Afrikaanse organisasie is? Dit is alles maar verbygaande in die volkslewe, maar die volk bly, en daarom moet u in hierdie verwarde tyd u leiers vertrou.** Ons sal probeer om deur die A.N.S. soveel as moontlik die Afrikaanse volk te dien. Laat ons daarom bymekaar bly. Vir 'n verdere verduideliking van die toestand verwys ek u na die verklaring van die Tak in „Die Matie" van 28 Aug. wat hierby aangeheg word. (Sien „Die Matie," Sept. 1942. — Red.).

2. **Die A.N.S. het kant gekies vir die O.B.**

Hier hoef ek slegs te verwys na die besluit van die Kongres waar duidelik neergelê is dat die A.N.S. weereens sy selfstandigheid beklemtoon teenoor ander Afrikanerorganisasies. As u dit nie wil glo nie kan ek u nie oortuig nie. Ek kan alleen met 'n rein gewete verklaar dat die A.N.S. nie ingeskakel is met die O.B. nie. Ek staan onder geen verpligting teenoor die O.B. nie, en sover ek weet ook nie die Hoofbestuur nie. Ook hier vra ek u dus dat u sal vertrou. **Dit moet ek egter by sê, dat die A.N.S. nie 'n neutrale liggaam is nie. Dit beteken dat die A.N.S. wel sy standpunt het en dat hy wel vir beginsels gekies het, maar nie vir EEN of ANDER organisasie nie. Ons het die beginsels gekies vir 'n Afrikaanse organiese volkseenheid wat gelei sal word deur leiers wat die gesag daartoe beklee. Die A.N.S. verwerp die volksverdelende liberalisme en die massa-stem, maar wil sy organisasie inrig volgens die Boerebeskouing. Hierdie standpunt neem die A.N.S. reeds vanaf 1940 in en nou is dit vanselfsprekend dat die A.N.S. nie sy standpunt gaan verander omdat ander organisasies ook dieselfde sê as die A.N.S nie. As daar geestelike verwantskap is, dan is daar nog geensinds organisatorie-**

*Vervolg op bls. 3 kol. 1.*

## Gesonde Kern op Bloemfontein

**Die volksverdelende Liberalisme het ook in die A.N.S.-tak van die Bloemfonteinse Normaalkollege sy invloed laat geld. 'n Aantal van die A.N.S.-lede het dit nl. goedgedink om uit die beweging te tree. Anders as by U.K.O.V.S. het daar egter 'n aansienlike kern agtergebly, wat in Bloemfontein die A.N.S.-gees sal laat leef.**

**„Die Matie" wens hul hartlik geluk op hul standvastigheid.**

## S.V.R. Reik Verklaring Uit

Op 'n buitengewone vergadering van die S.V.R. verlede Dinsdagaand is eenparig besluit om die volgende verklaring uit te reik insake die onlangse gebeure op Stellenbosch:—

1. Die Studenteraad is teleurgesteld met die optrede van sommige lede van die Studente-unie t.o.v. die gebruik van drank en gevolglike wanorde, soos geopenbaar by geleenthede soos die *„Groot Brag," Intervarsity*, en ook die jongste *Juniordag*.

2. Alhoewel die Studenteraad nie meen dat drank op Studente-funksies afgeskaf behoort te word nie, bepleit ons egter ten sterkste 'n meer verantwoordelike gees t.o.v. die gebruik in die Studenteunie.

3. Die S.V.R. spreek sy afkeuring uit oor die onverantwoordelike publikasie van 'n vlugskrif deur onbekende persone onder die titel *Pro Veritate*, waardeur die gebeure op Stellenbosch onnodig onder die aandag van die publiek gebring is. die S.V.R. is van mening dat die feite wat daarin verstrek is, erg oordryf is en slegs betrekking gehad het op 'n klein minderheid van studente.

4. Die S.V.R. sou graag sien dat indien daar in die toekoms enige tugsake voorkom, die studente verteenwoordiging gegee sal word op die komitee van ons Universiteitsowerheid, voor wie dergelike sake afgehandel sal word.

(Get.) *J. G. van der Horst*,
Voorsitter.

15 Sept. 1942.

## Liberalistiese Gees op Stellenbosch Gewraak

Die Calvinistiese Studentevereniging het op sy jongste vergadering ten opsigte van die uitspattigheid in ons studentejolyt die volgende besluit geneem:—

Hierdie vergadering van die Calvinistiese Studentevereniging van Stellenbosch, voel hom geroepe om op 'n duidelike en ondubbelsinnige wyse sy stem te verhef teen die gees van losbandigheid en onfatsoenlikheid wat daar onder 'n aansienlike deel van ons studente heers. Ons doen dit op grond van die volgende oorweginge:—

(1) Uit 'n christelike oogpunt is hierdie openbaringe van losbandigheid die studerende jeug van 'n christelike volk uiters onwaardig. Vir die christenstudent behoort die deugde van selfbeheersing en matigheid tog meer te beteken as om op so 'n wyse onder die voete vertrap te word.

(2) Uit Afrikaans-nasionale oogpunt beskou, is sulke uitspattinge seker nie iets wat by Afrikaners pas nie. Allermins sou 'n mens dit verwag van Afrikanerseuns en dogters aan 'n Afrikaanse Universiteit soos Stellenbosch.

Graag wil ons toegee dat studente plesierig mag en kan wees en dit is dan ook nie teen gesonde pret en joligheid wat ons dit het nie, maar teen die karikatuur daarvan soos ons dit onder 'n deel van ons studente aanskou. Daardie gees van losbandigheid en onfatsoenlikheid mag nie ons studentegemeenskap deursuur nie. Daarom wens ons ons innige dank te betuig vir die spontane reaksie wat daar teen hierdie gees gekom het in die vorm van „Pro Veritate" asook artikels in „Die Matie." Veral voel ons dankbaar vir die afkeurende stem wat die Rektor in lg. blad laat hoor het.

Ons voel egter dat hier te veel op die spel is om die saak by uitdrukkinge van afkeuring te laat. Ons vertrou dat die Universiteitsowerheid alles in hul vermoë sal doen om hierdie verderflike gesindheid en praktyke met wortel en tak uit te roei. Sodaak as wat die studente aan hul sorg toevertrou is, rus daar op hulle 'n deel van die ouerlike gesag en ons meen stellig dat die meeste ouers nie genoeë sal neem met die gesagsondermynende en geestelik-sedelik afbrekende gees wat hier geheers het nie. Ook die ouers het reg om te verwag dat daar sterk opgetree sal word in hierdie saak.

Maties ons Nuwe Rakette is hier. Oor die 1,500 om van te kies. Kom besigtig die volgende NUWE MODELLE.

Die Matie 55/6; Die Super Matie 69/6 ; Die Voortrekker 52/6; Die Voortrekker Luukse Model 63/6. Rakette vir Beginners vanaf 21/-, 25/-, 27/6, 35/-, 39/6. Al die vernaamste make in voorraad. Hersnarings en Reparasiewerk afgelewer binne 'n uur. Hersnarings vanaf 15/6, 18/6, 21/6, 25/6, 30/6, 35/-. Reparasies Kort Snare 9d., 1/-. Lang Snare 1/-, 1/3. Raketsakke 1/6, 2/6. Raket Grepe 1/-, 2/6. Tennisskoene 4/11, 6/6, 9/6 tot 14/6. Al die vooraanstaande Stad- en Platteland Spelers gebruik 'n De Wet's gesnaarde Raket.

N.B. — Onthou u kan orals 'n Raket koop, maar is dit gesnaar deur 'n Deskundige???

GEBROEDERS DE WET (EIENS.) PBK.
Bus 21. STELLENBOSCH. Foon 20.

APTEKERS

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.

Maak gebruik van ons Vlugge Fotografiese Posdiens.

JOERNING EN SEUN
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**Suikerbossie Melksalon**

HOOFKWARTIER van GESONDHEID.

Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.

Onder persoonlike toesig van
OOM HUGO.

**Die Plaza**
Foon 0013.
*SPENCER TRACY*
bygestaan deur
*LANA TURNER*
in die dubbelrol van
**Dr. Jekyll en Mnr. Hyde**
Die bekende grillerige drama van R. L. Stevenson.
Hoe die spel met die bonatuurlike van 'n mens 'n Duiwel gemaak het.
**Vrydag 18 en Saterdag 19 Sept.**
*Kinders onder 16 jaar word nie toegelaat nie.*

**Van der Stel Bottelstoor**
**Andringastraat STELLENBOSCH**
(Foon 94.)
Wyn, Brandewyn en Bier altyd beskikbaar.
Onthou groot voorrade koeldranke altyd op hande.
N.B. — Bel Koos Tredouw vir u volgende Partytjie.

**R. MÜLLER**
EERSTE vir KLAVIERE, VLEUELS, ORRELS.
Alle ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE, MUSIEKALE BENODIGHEDE, DRAADLOOSTOESTELLE EN GEDRUKTE MUSIEK. WAPENS, AMMUNISIE, ens.

**R. MÜLLER**
(Eiens.) Bpk.
KAAPSTAD en STELLENBOSCH.

Dames dis u plig om u hare by die
**DAMES HAREVERSORGING-SALON**
te laat versorg.
*U voorkoms is hoofsaak.*
U onderskeiding by ons, verseker die vordering van die Afrikaanse ondernemingsgees en versorg werk vir die Afrikaner dogter.
*Ons pryse is na u smaak.*
**Dagbreek-Dames-Hareversorgingsalon**
**Langmarkstraat 141, KAAPSTAD.**
(Grondvloer).
*Skakel 2-5662.*

Tel. 2-1944. Posbus 2657.
**R. W. van Rijn,**
BRILMAKER.
Kamers 501-520 Vyfde Verdieping
Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.
Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

**DIE MATIE**
Hoofredakteur: A.N.S.-Taksleier.
Korrespondensie: Die Besigheidsbestuurder, Dagbreek, Stellenbosch.

Deel II. 18 SEPT. 1942. No. 25.

## Volksverdeeldheid

Die veldtog van die kampvegters vir die volksvreemde liberalistiese idees teen die A.N.S. gaan nog onverpoosd voort soos blyk uit die onlangse gebeure op Bloemfontein, waarvan elders in hierdie uitgawe melding gemaak word.

Dit is betreurenswaardig dat lede van die A.N.S. wat verwag kan word om volkome op hoogte van die rigting en die strewe van A.N.S. te wees, en meer nog wat verwag kan word om deur hulle noue kontak met A.N.S. hierdie rigting hulle eie te gemaak het, nou uitdrukking gee aan die volksverdelende liberalisme.

In die verklaring van ons Uniale Leier (sien bls. 1) word dit sterk beklemtoon dat ten spyte van die aanvalle en vae beskuldigings, die A.N.S. sal voort gaan op die weg wat hy reeds met soveel sukses ingeslaan het. *Ons volk is moeg vir die verdeeldheid wat die uitheemse party-politieke stelsel gesaai het en nog saai, wat die een Afrikaner sy mede-Afrikaner laat beveg en wat daardeur onmagtig is om die Afrikaner sy regmatige plek te laat inneem in sy eie vaderland.*

Die A.N.S. het besef dat daar vir die Afrikaner net een manier is om die verdeeldheid uit die weg te ruim, en dit is om ontslae te raak van die *volksvreemde* in ons land en terug te gryp na ons *volkseie*. Eers wanneer die Afrikaners deur middel van hulle kultuur, tradisies en lewensbeskouing, wat deur die Voortrekkers in die Transvaal en die Vrystaat uitgebou is, saamgebind word tot 'n organiese geheel sal daar sprake wees van 'n Afrikanervolk.

*Met die Ossewatrek van 1938 het die Afrikaner weer nasiebewus geword, en begin die Volksbeweging wat die draer gaan word van die organiese gesagstaat.*

Aan die Volksbeweging word gestalte gegee deur die volkskern wat die volkseie nie alleen hulle eie gemaak het nie, maar wat dit ook daadwerklik uitlewe. Hierdie is ook die standpunt van die A.N.S.

In die Volksbeweging is daar dus slegs plek vir diegene wat kerngesond is in hulle Afrikanerskap.

Waar die rigting van die A.N.S. die Volksbeweging is, kan die A.N.S. slegs versterk word in sy stryd deur die voorvalle op Bloemfontein, net soos die plaaslike tak versterk is deur die gebeurtenisse van verlede jaar.

## Ons Volksbeweging

Dat in die Groot Trek die nasionale en die sosiale tendense tot 'n eenheidsvormende volkskrag saamgevloei het, sal niemand wat die geskiedenis van ons volk ken, kan ontken nie. Die Groot Trek as volksbeweging en die Boerestaat wat daardeur tot stand gebring is, vertoon dan ook in hoofsaak dieselfde kenmerke as die volksbewegings en volkstate van Europa na die vorige Wêreldoorlog. Die wesentlike verskille wat wel voorkom, afgesien van die verskille wat aan die fundering in die eie Afrikaanse lewensbeskouing toegeskryf moet word, kan ons herlei tot die kragdadige inwerking van die liberalisme op die volkswording van die Afrikanerdom.

# Die Oorlog

## XXV. J. B. Priestley in die Britse Rewolusie.

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

### DIE OORLOGSFRONTE

Gedurende die afgelope week was dit nogeens rondom Stalingrad, die hart van Rusland, waar die bloedigste gevegte plaasvind. Dit word beweer dat hierdie slag die vreeslikste is van alle veldslae in hierdie reuse-oorlog van reuseveldslae. Die Duitse druk op Stalingrad duur onverminderd voort en tog, ondanks dappere Russiese weerstand, is dit te betwyfel of die verdediging nog lank stand sal kan hou.

*Deur Prof. J. A. Wiid*

Aan die ander oorlogsfronte het geen groot verandering plaasgevind nie. Die Duitsers maak vordering in die rigting van die Grosnyolievelde, die Russe doen aanvalle aan sommige dele van hulle lang front, die Jappanners in Nu-Guinee is deur die Owen Stanley berge en beweeg in die rigting van die belangrike Britse steunpunt, Port Moresby, en die Britte het 'n landing by Tobruk probeer, wat net soos dié by Dieppe, in waardevolle ondervinding en terugtrekking geëindig het.

### HIERDIE OORLOG IS REWOLUSIONÊR

In die jongste uitgawe van „Die Matie" is daarop gewys dat hierdie oorlog nie slegs 'n saak van bloed en staal is nie, maar dat dit baie aspekte het. Daar is toe daarop gewys dat die Britse nasionale skuld gedurende die drie jaar van die huidige oorlog reeds verdubbel is. Vandag 'n paar gedagtes oor 'n ander aspek van hierdie oorlog.

Na drie jaar van oorlog is daar nog altyd baie mense wat in hierdie stryd niks anders as 'n tydelike en verbygaande militêre kragmeting tussen grootmoondhede sien nie. Hulle verlang 'n militêre oorwinning en offer goed en bloed om hierdie oorwinning te behaal. Verder bekommer hulle hul nie oor die wêreld nie en begryp hulle die diepere betekenis van die stryd en die tekens van die tyd glad nie. Hulle verkeer onder die waan dat dieselfde ou wêreld weer sal begin waar dit op 3 September 1939 opgehou het. Hierdie mense staar hulle blind teen die militêre aspek van die oorlog en verkeer, wat die toekoms betref, in 'n gekkeparadys.

Daar is 'n tweede groep van mense, nl. diegene wat taamlik onverskillig staan teenoor die oorlog. Hulle het die oorlog nog nie aan eie lyf gevoel nie en vir hulle is die oorlog iets abstraks, iets vêrafgeleë. Die enigste gedagte wat hulle aan die oorlog gee, is wanneer hulle 'n koerant lees of wanneer hulle merk dat b.v. vuurhoutjies nie meer so volop is as vroeër nie. Dit kan hulle ook nie skeel wie die oorlog gaan wen of verloor nie solank hulle eie persoonlike materiële belange of die belange van hulle groep of party maar nie daardeur geskaad word nie. Van die ideologiese en ingrypende rewolusionêre aspek van die oorlog het hulle geen of weinig benul. Ook hulle verkeer nog altyd in 'n gekkeparadys.

### J. B. PRIESTLEY SE STANDPUNT

Daar is 'n derde groep mense wat die mening toegedaan is dat die wêreld nooit weer sal terugkeer tot toestande van 3 September 1939 geheers het nie. Vir hierdie mense het die huidige oorlog 'n wêreldrewolusie ingelei. Die Engelse romanskrywer en radio-kommentator, J. B. Priestley, behoort tot diegene wat so dink en in 'n artikel getiteld „Britain's Silent Revolution" in „Picture Post" (27 Julie 1942) wei hy uit oor hierdie gedagte wat Brittanje betref. Hier volg 'n paar van Priestley se gedagtes: „Geld as maatstaf," skryf hy, „is aan die verdwyn. U kan b.v. vandag nie meer petrol verkry net omdat u dit kan bekostig om petrol te koop nie. U kan petrol alleenlik verkry indien u kan bewys dat u dit in belang van die gemeenskap sal gebruik...... Baie dinge wat voor die Oorlog in ons gemeenskap as kenmerkend Engels beskou was deur die hele wêreld, was niks anders nie as 'n semi-feodale verguldsel en oorpleistering van die ysterdraagbalke van 'n gevoellose en onnosele industriële plutokrasie. Dit was inderdaad 'n ellendige vervalsing. Kan al hierdie onsin weer teruggebring word? Is daar miskien êrens aan die ander kant van die dreunende oorlogsfabrieke en gebombardeerde gebiede nog iets oor van hierdie verflenterde en idiotiese maskerade-bal wat klaarstaan om weer sy verskyning te maak? Kan dit wees dat die opvyselende en babbelsieke skrywers van kletspraatjies alreeds weer besig is om hulle potloode skerp te maak en hulle broeke glad te stryk?

„Vir my (Priestley) skyn soiets ondenkbaar te wees. Indien die toekoms afhanklik moes wees van mense selfs van my leeftyd, sou ek daar nie alte seker van gewees het nie, maar die toekoms is afhanklik van die jongmense. Aan die jeug van hierdie land is reeds vir 'n lang tyd 'n rat voor die oë gedraai deur aan hulle slegs **Besittinge** aan te bied instede van **Skeppinge**...... Ek (Priestley) kan derhalwe nie glo dat die jongmense wat tans by miljoene agter ons oorlogspoging georganiseerd staan, tevrede sal wees om net 'n karige bestaan te maak en as toeskouers op te tree by die een of ander ou verwelkte maatskaplike vertoning nie.... Allereers is dit geensins die vraag of ons ryk of arm gaan wees nie, maar of ons 'n selfsugtige, inhalige, pruttelende en aaklig-vervelende individue-massa gaan wees of **'n volk met 'n doel voor oë**, om nl. saam te werk in belang van die gemeenskap. Hoewel ek graag sou wil sien dat in my materiële behoeftes voorsien word ,is ek nogtans bereid om vir die res van my lewe gerantsoeneer te bly mits ek lid kan wees van 'n gemeenskap wat besig is om 'n nuwe en beter samelewing te skep. Dit is ook die gevoelens van die meeste van ons en ons wil nie langer in 'n verrottende gemeenskap voortbestaan nie."

### BRITSE AGTERLIKHEID

Vervolgens wys Priestley op voorlopige agterlike toestande in Brittanje. „Ons opvoedingsstelsel was beroerd sleg en ons nywerheidsstede totaal ongeskik as woonbuurte. Ons was besig om ons pragtige plattelandstreke vinnig te ruïneer. Die merendeel van ons bevolking het in hulle lewens minder poësie, minder sang en minder vrolikheid gehad as die gemiddelde Afrikaanse negerstam. Iedere jaar het ons reusagtige sommige aan allerhande soorte bedwelmende middels verkwis, en ons

*Vervolg op bls. 4 kol 4.*

**Rook Springbok-Sigarette**

## UNIALE LEIER

*Vervolg van bls. 1 kol. 3.*

se inskakeling nie, of dan is die A.N.S. nog geen verlengstuk van die O.B. nie. Die beskuldiging is ten enemale onwaar dat die A.N.S. onder die plak van die O.B. staan. Dit is die verdagmaking wat teen die A.N.S. gesaai is. Ook hier kan ek u slegs om u vertroue vra. Toon dat u waarlik Afrikaner is deur te vertrou en nie te loop en fout soek nie.

**3. Dr. van Rensburg as Ere-President van die A.N.S.**

Hierop die volgende as antwoord.

Die A.N.S. het dr. van Rensburg Ere-President gemaak nog voordat daar moeilikheid was. Daarna het die stryd in die volkslewe ontstaan. Die A.N.S. het nou die standpunt ingeneem dat ons as jeug nie die verdeeldheid wil oorplant en vyande wil maak van Afrikaners nie. **Ons wil nie die erfgename word van die volksverdelende liberalisme nie.** Daarom, as die A.N.S. nou vir Dr. van Rensburg afgesit het, dan was ons ook skuldig aan die volksstryd. Ons wil onsself daarbo verhef. Die A.N.S. onderskei nog tussen persone en sake.

**4. Die A.N.S. se leierskapbeginsel is On-Calvinisties.**

Hierteenoor kan net gesê word dat dit nie so is nie. Daar is geen poging om on-Calvinisties te wees nie; daar mag punte wees wat nog nie suiwer is nie, **maar dit is punte waaroor Calviniste nog nie eens is nie en daar is nog altyd moontlikheid en kans om dit reg te maak.**

Die hele skeurbeweging op Bloemfontein is berus dus op minder belangrike punte wat werklik nie gewig dra in die mate dat die A.N.S. daaroor geskeur moes word nie. Dat dit sodanig is blyk nog meer uit hul optrede teenoor die Hoofbestuur:

Op die Kongres het ondergetekende aan die genoemde tak belowe dat hy persoonlik die tak sal besoek om aan hulle die Kongresstandpunt te verduidelik. Aan die begin van hierdie kwartaal het ondergetekende aan die tak die datum van hulle vergadering gevra. **Hierop het ek antwoord ontvang 8 uur voordat die vergadering sou begin.** Dadelik is 'n telegram gestuur waarin tog nog gevra word vir 'n vergadering waarop ondergetekende die Kongresstandpunt kon stel. As antwoord hierop is my in kennis gestel dat die A.N.S.-tak ontbind is. Nieteenstaande dit het ek weer aan hulle laat weet dat ek nie die bedanking aanvaar alvorens ek nie self die lede toegespreek het nie. As antwoord het ek ontvang dat daar nie meer onderhandelingsmoontlikhede is nie. Buitendien was die leiers daar (behalwe mnr. Viljoen) nie bereid om te onderhandel nie. Gevolglik het ek persoonlik na Bloemfontein afgereis om soveel as moontlik te doen om die skeuring te herstel. Nou was Bloemfontein bereid om te onderhandel eers nadat hulle die nuwe beweging gestig het. Ek het met hulle onderhandel op die een punt naamlik, of hulle die lede van die Hoofbestuur 'n billike kans wil gee om sy standpunt voor die lede van die Bloemfontein-tak te lê. **Tot my spyt moes ek van hulle verneem dat hulle dit nodeloos beskou, en gevolglik het hulle geweier dat die Uniale Leier die standpunt van die A.N.S. as geheel mag verduidelik.** Dit blyk duidelik hieruit dat die Hoofbestuur uit sy pad gegaan het om genoemde tak te behou, maar dat hulle eenvoudig weier om langer saam met die A.N.S. te werk.

'n Enkele opmerking verder oor hulle optrede. **Hier het ons nou weer die tipiese handhawing van die liberale demokrasie.** Die Hoofbestuur het op die Kongres leiding geegee wat bekragtig is deur die Kongres, so-te-sê met eenparigheid. Bloemfontein het wel daarvan verskil, wat seer seker moontlik was. Verder is die Uniale Leier ook eenparig herkies, wat ook inhou dat die A.N.S. as geheel die optrede en leiding van die Uniale Leier goedkeur. Die regte Afrikaanse standpunt sou dan wees om gehoorsaamheid te betoon en om te salueer. Dit is tog die eerste plig wat ons moet nakom. Maar hierteenoor het genoemde persone geweier om te gehoorsaam. Hulle het nog nie geleer om te salueer nie. **En daarom word daar op tipies liberale wyse ongehoorsaamheid aan die dag gelê, en dit nog op so 'n wyse dat hulle weghardloop sodat die tugmaatreels nie nie op hulle toegepas kan word nie.**

As 'n voorbeeld wil ek hier net aanhaal wat Oom Paul eenmaal gedoen het, maar dan versoek ek u om net te let op die *tertium comparationis:* Toe President Burgers voorgestel is as President van Transvaal, het Paul Kruger hom hewig beveg. **Maar toe Burgers eenmaal gekies was as President, het Kruger hom onderwerp en sy medewerking belowe, omdat hy uit die beginsel van gehoorsaamheid gelewe het, en nie uit die gedagte van die vrye wil van die massa nie.** Die regte houding sou dus wees om binne die A.N.S. te bly, om hulle krag daar in te gooi en sake uit te bou. Hulle het egter nog altyd die reg van kritiek en hulle kon weer op 'n kongres met dieselfde besware kom, en aanhou totdat hulle dan hulle besware deurgevoer het. Maar hierdie openbaring van ongehoorsaamheid getuig werklik nie van 'n Calvinistiese lewenshouding nie, maar berus op wantroue en ongehoorsaamheid.

En soos reeds aangetoon, waar daar geen diepgaande verskille is nie. As die A.N.S. en sy hoofleiding in 'n hopeloos verkeerde rigting beweeg het, dan was dit miskien nog enigsins te verstaan, maar waar die A.N.S. steeds meer en meer die Afrikaanse beskouings probeer verwerklik, kan ek nie anders as om hierdie daad te laak nie.

Daarom wil ek van alle A.N.S.-leiers vriendelik vra dat hulle gehoorsaamheid en vertroue sal betoon. Ek vertrou u van my kant ten volle, en van u verwag ek altyd ook dieselfde. U kan my kritiseer en op my foute wys, wat ek verwelkom, maar dit is nie u taak om weg te hardloop nie.

**Ons het ons beginsels, ons is bereid om daarvoor te stry! Laat die leuse van die A.N.S. in hierdie stryd en verwarring wees GEEN KOMPROMIS IN BEGINSELS, en SKEI PERSONE EN SAKE. Laat ons sonder om af te wyk voortgaan en laat ons die volksverdelende beskouings uitroei ook in ons optrede binne die A.N.S.**

Steeds bly ek u dienswillige dienaar!

J. POSTMA,
Uniale Leier A.N.S.

## Onder Onsies

Dit skyn asof daar 'n troukoors los is tussen die oud-Maties. Mej. Dalene van der Merwe en mnr. Petrus van der Merwe, albei tans van Port Elizabeth word in Oktober in die huwelik bevestig; mnr. Attie Badenhorst van die Kweekskool en mej. Chrissie Barnard van Fouriesburg die 30e September, sowel as mej. Nan Immelman en mnr. Tickey van Wyk van Loxton wie se planne al op eerskomende Saterdag gevestig is.

* * *

Verlede Vrydagaand het die S.V.R.-funksie suksesvol van stapel geloop. Dit het die vorm van 'n dinee by Steenbras aangeneem.

* * *

Verlede Saterdag met die wedstryd tussen Tuine en Stellenbosch, is baie Maties opgemerk op Nuwelande. Vir sommige het dit amper as 'n tweede Intervarsity voorgekom.

* * *

Die 1943 Huiskomitee van Huis-de-Villiers bestaan uit mejj. N. Grobbelaar, S. Wessels, S. Malan, H. Marais, B. Brink, A. Malan en I Papendieck. Die vertrekkende lede is mejj. S. Scheepers en C. Potgieter.

### AFGELUISTER:

*Prof. X:* Wel, mnr. Z., is u nog 'n OS?

*Mnr. Z:* Laat dit nou maar staan, professor; maar van die os op die esel, hoe gaan dit nog met u gesondheid?

---

Mej. Marie Smit het Dinsdagaand haar Maatskaplike-B.A. klasmaats onthaal by geleentheid van haar verjaarsdag.

* * *

Mej. Poppie Jordaan van MacDonaldhuis het 'n aanstelling verkry in die Hoër Meisieskool Oudtshoorn as onderwyseres in Handelsvakke.

* * *

Mej. Dixie Taljaard van MacDonaldhuis en mnr. Gawie Oosthysen het Vrydagaand by wyse van 'n partytjie beide hul verjaarsdae gevier. Onder die gaste is opgemerk mejj. Sannie Jacobs, Koekie Hoffman, Kowie Roussouw en Naomie Potgieter.

* * *

Mej. Daisy Hayward het verlede Donderdag haar verjaarsdag by wyse van 'n gesellige partytjie te Monica gevier.

* * *

Greylock se dinee-dansfunksie het Vrydagaand plaasgevind. Dr. Wilcocks en mnr. en mev. Joubert van Wellington was die eregaste. 'n Dans in die Conserve het die dinee opgevolg, en daar is verder onder die gaste opgemerk dr. en mev. Franken, asook mnr. Graham.

* * *

Prop. en mev. Coligny Nel (mej. Maida de Villiers) albei oud-Maties, is onlangs bevestig in hul eerste gemeente te Durban-Oos.


**REKREASIE KAFÉ**

Plaas u bestelling vir ingelegte vrugte—tuis gemaak. Probeer ons vars lekkers en sjokolade en kom geniet u verversings hier.

Eien.: M. E. STAMATIS.

*Vir alle Skoenreperasies is*

**LUBBE**

*tot U Diens.*

**Netheid gewaarborg**

**Alfred Blommaert,**

(Foon 48 en 176)

Kerkstraat,

STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE

- - YSTERWARE - -

- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.




# Rook Springbok-Sigarette

# Drank en Studentelewe

## Toespraak van die Rektor

**„U kan nie bekostig dat 'n minderheid u beroof van een van u kosbaarste besittings — u goeie naam — nie." het dr. Wilcocks gesê op 'n vergadering wat verlede Dinsdagaand in die Stadsaal gehou is. Die vergadering is belê as gevolg van die gebeure op Stellenbosch in die afgelope tyd. met die doel om studente aan te maan in verband met losbandigheid wat hom kenbaar gemaak het in die studentesamelewing van die laaste jare.**

Dr. Wilcocks het daarop gewys dat die Universiteit van Stellenbosch onlangs groot uitbreidings geniet het, met onder andere die byvoeging van nuwe fakulteite, as gevolg van die goeie guns van persone wat nie direk aan die Universiteit verbonde is nie.

Hy het verder daarop gewys dat die student wat die Universiteit verlaat baie afhanklik is van die goeie naam van die inrigting.

Nou het drankmisbruik, wat die goeie naam van die Universiteit skend, op Stellenbosch ongelukkig sy verskyning gemaak in 'n mate wat die aandag van die owerheid afgedwing het. Die Raad van die Universiteit het onlangs 'n besluit geneem te dien effekte dat drankmisbruik beskou word as 'n ernstige misdryf, en dat studente wat hulle daaraan skuldig maak hulself blootstel aan skorsing. Maar die euwel neem steeds toe.

Die Rektor het gewys op verskillende maniere waarop onverstandigheid en minderwaardige bravado as oorsake van die verskynsel werk, en die teenwoordiges daarop gewys dat dit naas die vernietiging van die naam van die Universiteit ook skadelik is vir individue wat daaraan meedoen. Hy het gevolglik 'n beroep gedoen op die studente om in die toekoms die verskynsel te bestry.

„Ek glo in die Jeug, en veral die Jeug van Stellenbosch. U moet almal saamstaan om hierdie nadelige en dwase euwel te verwyder. Ons was en is trots op die naam van Matieland. Laat ons saamstaan om hierdie naam skoon te maak en te hou," was sy slotwoorde.

### Debatsvereniging

Die bespreking in die eerskomende vergadering (Saterdagaand) sal die vorm van 'n *Wêreld-konferensie* aanneem. Die belangrikste staatsmanne van ons tyd sal deur uitgesoekte persone voorgestel word. As voorsitter van die vergadering tree op die Gees van Sokrates.

7.30 n.m. in die Huishoudkundesaal.

*Almal Welkom!*

„VOORSLAG" PYNPOEIERS
DIE VEILIGE VERBANNER VAN ALLE PYNE.
1/6 & 2/6
Die
Voortrekker-Apteek
STELLENBOSCH

VERJAARSDAE
word nou baie gesellig gevier, want alles word smaaklik voorberei in
„Die Uitspan"

## K.S.B. Kry Besoekers

Die K.S.B. het Saterdagmiddag besoek ontvang van mnre. C. H. Weich („Emol") en L. W. Sheppard, die trompetspeler van die Munisipale Orkes, Kaapstad. Beide besoekers het die middagoefening in die Uitspansaal bygewoon.

„Emol" het in 'n kort toespraak die orkeslede geluk gewens met hul besluit om hulle aan die musiek te wy. Intensiewe oefening is noodsaaklik, het hy gesê, want as jy in die musiek suksesvol wil wees, bestaan daar geen middelweg nie.

So 'n prysenswaardige onderneming soos die K.S.B. is dit egter wel werd om die vrye tyd aan op te offer, hoewel natuurlik die Universiteitsstudie voorrang moet geniet.

Na afloop van die middagoefening het mnr. Sheppard aan al die orkeslede die aanbod gedoen van gratis onderrig, indien hulle voel, dat hulle die regte Afrikaanse musiekgees het.

Met hierdie vriendelike aanbod is die byeenkoms afgesluit.

L.W. — Die aangekondigde konsertuitvoering van 22 Sept. word, aangesien daar op daardie aand ander funksies plaasvind, tot nader kennisgewing uitgestel. Die Sondagmiddaguitvoerings van die Orkes sal, weens die intensiewe oefening, wat in die volgende weke noodsaaklik is as voorbereiding vir die toer, ook voorlopig gekanselleer word.

## Musiek-Vereniging

Volgende Sondagaand (20 Sept.) om 8.30 sal dr. G. G. Cillié, jnr., 'n lesing oor „Gewyde Koormusiek" in die Konservatoriumsaal hou.

Plate-illustrasies uit die werke van Bach, Brahms, ens., sal daarby kom.

Almal hartlik welkom.

Die Matie wil dan ook van die geleentheid gebruik maak om Oom Kalie en mev. Heese hartlik geluk te wens met die geboorte van hul dogtertjie.

*Studente!*
Wees ekonomies en gaan versigtig te werk.
Laat
J. B. COETZEE
u volgende pak klere of kleurbaadjie maak.
AGENT VIR NANNUCCI DROOG SKOONMAKERS.
*Andringastraat.*

*Daar's 'n Rede*
Die knapste Student kry die beste pos.
Die beste Drukwerk trek die meeste aandag.
Ons is bekend vir kwaliteit drukwerk teen konkurrerende pryse.
Pro Ecclesia-Drukkery,
Die Laan, Stellenbosch.

# „EX LIBRIS"

## Ds. T. N. Hanekom.

### DIE BROEDERHAND.

**Hand. 17:** „Saul, broeder, die Here het my gestuur......"

Ons het hier te doen met twee manne op die dag van versoening met mekaar. Daar was baie bande wat hulle saamverbind het. Hulle was van dieselfde ras, dieselfde volk en dieselfde tyd. Maar broeders.... nee, dit was hulle nie! Hulle was tenspyte van al die bande, nog altyd vyande!

Die een was Saulus, 'n jong Jood uit Tarsus, student onder die beroemde godgeleerde Rabbi, Gamaliël. Met sy studies het hy dit vér gebring en selfs roem verwerf. Maar sy „groot geleerdheid" het in sy hoof bly steek. Dit het nooit sy hart geraak nie. Daarom staan daar van hom geskrywe, dat hy sy volksgenote vervolg, gevang en geboei het. Selfs het hy met moord gedreig. En die marteldood van Stéfanus het bewus dat dit by hom nie net dreigemente en woorde was nie, maar erns. Hy was gewillig om selfs broedermoord te pleeg. En die ergste van alles, en die gevaarlikste vir homself, was seker dat ouer mense hom geprys het daarvoor en beloon het, miskien met 'n invloedryke posisie in die hoogste vergaderinge van die land. Hy was gewillig om sy broer te haat, daarom was hy so populêr! En namate hy meer geleer het van die geheime kuns om broederbloed te vergiet, het ook sy roem gestyg en sy invloed groter geword. Dit het hom aangevuur om meer te doen, ook in Damaskus, waar toe juis 'n hele aantal christene — die andersdenkendes van die nuwe rigting, gaan skuiling soek het.

Die ander man was Annanias, 'n ouer man op wie blykbaar die swaar verantwoordelikheid gerus het om die jong gemeente te lei in dae van vervolging. Hy was hulle leier, maar moes ook saam met hulle ly in daardie donker ure toe die hele offisiële Jodedom hulle wou verdelg. Toe het al wat Jood was sy onderlinge twis en rigtingbelange opsy geskuif en saamgespan en saamgesweer teen Christus en sy nuwe leer en leerlinge. Annanias was daar één van! Hy het seker vooraf berig ontvang van Paulus se aantog na Damaskus en het, saam met mede-broeders, met vrees sy aankoms afgewag. En die vrees was nie ongegrond nie!

Maar toe gebeur daar tussen Jerusalem en Damaskus die groot wonder. Daar was 'n stem, 'n lig en 'n visioen, en toe dit alles verby was, was Saulus blind. Hy was dit maar nog altyd, maar toe eers het hy dit ontdek, en hy moes hom laat lei.... al agter Jesus aan. Die vervolger van Christus het nou geword die navolger van Christus!

Vir die verhouding van hierdie twee manne was dit van die grootste betekenis. Daardeur is die groot kloof oorbrug wat vir hulle so vér verwyder het van mekaar. Daardeur is die broederhaat geblus wat so verterend in hulle lewe gebrand het. Hulle het mekaar vóór God ontmoet en daar ontdek dat hulle nie meer vyande en teenstanders was nie, maar broers — bloedbroers en geestelike broers. Hulle het mekaar se hande gegryp „om dit nooit weer los te laat nie," en God self het die nuwe verhouding tussen hulle geheilig tot 'n broederband, wat nooit weer sou verbreek word nie.

So het hulle bymekaar gekom. Die Here het die een verander en die ander gedwing om van die verandering kennis te neem en sy wantroue en vrees en agterdog opsy te skuiwe. Dit is nie hyself wat gegaan het om Saulus te ontmoet nie. Hyself wou nie, maar die Here het hom gedwing. „Saul, broeder, die Here het my gestuur." Die Here het hulle saam verbind en saamgebring, en die Here het hulle verlos — die een van sy haat, die ander van sy agterdog. In die stryd tussen hierdie twee het niemand gewen nie. Altwee het iets verloor. Maar die Here het oorwin in twee lewes. Dit was ook hulle wins!

VICTORIA KAFÉ EN BILJART SALON
Vrugte vir gesondheid. Lekkers na die smaak. Biljart vir die vermaak.
OU LAMPIE
Eienaar.

## DIE OORLOG

*Vervolg van bls. 2 kol. 4.*

het in die menigvuldigste soorte van onsinnige taboe, snobisme en argoistiese prulwerk verwikkeld geraak."

Aldus J. B. Priestley. Vir hom kan die Brittanje van 3 Sept. 1939 nie weer terugkeer nie. Priestley het gelyk. Die indiwidualistiese staat sal nie opgewasse wees om die nasleep van hierdie oorlog te hanteer nie en sal moet plek maak vir die een of ander vorm van sosialistiese staat. Dit het vir die Angel-Saksers lank geneem om lesse te leer en konklusies te trek, iets wat ander nasies reeds lankal gedoen het.

*Onthou . . .*
J. C. BERGH
Die Kleremaker!
- Vir u volgende Pak
- Werk Gewaarborg
- Billike Pryse
- Beste Materiaal

*Nuwe Adres :*
Net langsaan die Suikerbossie!

***ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS***

'N GROOT LETTERKUNDIGE GEBEURTENIS
❀ So Pas Verskyn
AMPIE III — van JOCHEM VAN BRUGGEN in die „Kwarteeu-Serie" 10/-
ERNST VAN HEERDEN — „WEERLOSE UUR" 5/-
'n Eerste Digbundel.
C.S.V.-BOEKHANDEL
STELLENBOSCH
Ons het nog 'n groot voorraad „Penguin"-Boeke op hande